SAKE 24 (Beeld)
10 Sep 2012, p.19

EIENDOM

Verkrygings vergroot Dipula se portefeulje

Elma Kloppers

Johannesburg. – In sy vierde groot eiendomsverkryging sedert sy notering in Augustus verlede jaar gaan die Dipula Income Fund nog vier eiendomme koop teen altesame R326 miljoen.

Dit is drie kantoorgeboue met regeringshuurders vir 'n totaal van R173 miljoen en Tower Mall, 'n landelike winkelsentrum van 15 348 m² wat in aanbou is in Jouberton in Noordwes, vir 'n bedrag van R153 miljoen.

Twee van die kantooreiendomme is in Pretoria en een in Oos-Londen.

Izak Petersen, uitvoerende hoof van Dipula, sê die verkrygings strook met Dipula se strategie om die gehalte en die grootte van sy portefeulje te vergroot.

"Die verkryging van die kantooreiendomme weerspieël die voordele van Dipula se eksterne batebestuursmaatskappy in swart besit." Dipula se swart aandeelhouding van sowat 26% is van die hoogste in die sektor vir genoteerde eiendom.

Die kantoorgeboue het al drie relatief lang huurkontrakte. Die eiendomme is Byron Place in Pretoria met ruimte van 3 270 m², die Sterkolite-gebou met 12 782 m² in Rosslyn en die Elco-gebou met 6 909 m² in Oos-Londen.‡

Tower Mall sal Shoprite as ankerhuurder hê, asook 'n groot persentasie nasionale kleinhandelaars. Die sentrum sal na verwagting in die vierde kwartaal van volgende jaar sy deure open. Petersen sê dit sal van dag een af positief bydra tot Dipula se huurinkomste.

Die koopsom sal in kontant betaal word wanneer die eiendomme aan Dipula oorgedra word.

Wanneer die transaksies afgehandel is, sal Dipula se bates tot 189 landwyd toeneem met 'n waarde van R3,4 miljard.